Meer as oorwinnaars

Catharina van Wyk is ontslaan uit die hospitaal. Sy ervaar groot beterskap nadat vergroeisels van vorige operasies ’n obstruksie veroorsaak het. Ons loof die Here daarvoor.

Louis van Rooyen is opgeneem in Unitas vir toetse, sy is weer tuis. Dink steeds aan haar in u gebede.

Louie Mosterd het ’n maagaandoening gehad en in hoësorg beland, sy het goed gereageer op behandeling en is weer tuis. Ons dank die Here vir Sy genade en haar beterskap.

Henoch Schoeman het komplikasies beleef na die rugoperasie en het onder andere breinvloeistof verloor, hy kry ook sterk antibiotika wat ’n virus moet beveg. Sy toestand het baie verbeter, ons prys die Here daarvoor!

Dawina Zaayman is opgeneem in Unitas, daar is onsekerheid oor die oorsaak van haar ongesteldheid. Ons bid dat die toetse die probleem sal uitwys sodat sy behandeling daarvoor kan ontvang. Bid asb. vir haar.

Jean du Rand is ook gehospitaliseer, ons bid dat hy spoedig weer sal herstel.

Linah Joubert het ’n heup vervanging ondergaan, ons bid dat dit weer kwaliteit aan haar lewe sal toevoeg. Sy verrig ’n belangrike taak met die voorsitterskap van die bestuurskomitee van Rusoord.

Marius Erasmus se suster het gesterf. Ons bid vir hulle as familie. Verskoning word aangebied dat daar ’n verkeerde aankondiging verlede Sondag in die verband gedoen is.

Dink steeds in u gebede aan Louise Human, sy ontvang behandeling teen kanker,

Alet Vermaak en Rina Knoessen herstel albei na rugoperasies . Ons dra die twee sussies aan die Here op vir Sy genade en genesing.

Susaar van Rooyen was in en uit die hospitaal met ’n knie operasie. Sy is tuis, bid vir haar herstel.

Maureen Janse van Vuuren het ’n rugoperasie gehad, sy herstel by haar dogter. Bid asb. vir haar volkome genesing.

Ahme Stadler is geopereer, bid asseblief ook vir haar volkome genesing.

Die Aankondiger

11 Maart 2018

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Skriflesing: *Lukas 10:1-20*

Tema: *Is Christenskap aanloklik?*

Liedere: *215:1-5; 219:1-2; 250:1-4*
273:1,3; 530:1,2,3

Rusoord: *10:30 & 16:45* ***Jeug:*** *18:00*

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Gee jou beste vir God

2 Samuel 24:24 NLV

In plaas van om God vir oorwinning oor sy vyande te vertrou, het Dawid uit sy eie uit besluit om die aantal soldate in sy weermag te tel om te sien hoe sterk hulle is. God het dit as 'n 'klap in die gesig' gesien en 'n plaag het Israel getref wat sewentig duisend mense uitgewis het. Om die plaag te stop, moes Dawid die volgende doen: '...Gaan bou 'n altaar vir die Here op die dorsvloer van Arauna die Jebusiet' (vers 18 NLV). Toe Arauna agterkom wat aan die gang is, het hy sy dorsvloer en osse vir Dawid verniet aangebied. Dawid het egter gesê: 'Nee, Arauna, ek dring aan om dit te koop teen die volle prys. Ek kan nie vir die Here my God brandoffers aanbied wat my niks kos nie...' Dus het Dawid hom 50 sikkels silwer vir die osse en die dorsvloer betaal. Dawid het 'n altaar vir die Here daar gebou en die brandoffers en maaltydoffers daar gebring. Die Here het sy gebed beantwoord, '...Daarna het die Here die gebede vir die land verhoor, en die plaag in Israel het opgehou' (vers 25 NLV).

Wanneer dit kom by die dien van die Here, as dit jou niks kos nie, tel dit nie! God weet dat ons nie almal dieselfde aantal of bedrag kan gee nie. Hy vra egter nie iets van jou wat gelyk is aan aantal of bedrag nie, maar wat gelyk is aan opoffering!

Die Bybel sê, 'Vereer die Here met alles wat jy besit. Gee vir Hom die beste van jou oes' (Spreuke 3:9 NLV). Of dit nou by lofprysing, bediening of gawes kom, maak seker dat jy jou beste vir God gee.

Radiokansel

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Kerkkantoor nr.: 012 664 6695
kerkkantoor@omgeekerk.co.za
DS. Gideon du Toit sel: 079 526 5978

Deurkollekte

Die week gaan dit vir:
Instandhouding

BRUINGELD

Vanaf Mei 2017 is die bedrag ingesamel: **R 2 607.00**

CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD GAUTENG-OOS

FOKUS: Voldag sekretaresse vir Direkteur en Aannemingsdiens

POSVEREISTES:
Sterk administratiewe vaardighede
Rekenaargeletterdheid
Sekretariële opleiding
Passie vir mens in nood
Maatskaplike werk-opleiding is 'n sterk aanbeveling

Werksure: 8/8 ste pos
Standplaas: Faerie Glen
Salarispakket: Onderhandelbaar
Navrae en aansoeke: Mev H van der Merwe, e-pos: henda@cmroos.co.za
Tel. [012] 361 4613 Faks.[012] 361 4625
Sluitingsdatum: 14 Maart 2018
Onderhoude: 19 Maart 2018

Baie welkom aan almal wie se bewys van Lidmaatskap ontvang is:

Johanna Helena Kalp (gebore Moelich) vanaf Kempton-Hoogland.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	09:00	Rusoord	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Lofdal		10:00	La Borie
				11:00	Protea

Baie geluk aan almal wat 11 Maart tot 17 Maart verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Dolf	Ellis	03/11		082 395 6881
Madie	Erasmus	03/12	082 597 5042	082 597 5042
Jackie	Van Niekerk	03/12	012 664 5835	
Marie	Meiring	03/13	012 667 4057	082 782 8647
Elzette	Swanepoel	03/13		
Arnolda	van Zyl	03/13	012 664 0116	082 515 3561
Dolf	Brits	03/14		083 356 3097
Lida	Claassens	03/14	012 667 1587	
Alta	De Villiers	03/14	083 287 4120	083 286 0862
Annette	Voges	03/15	012 664 4284	084 401 2857
Leanne	Schwartz	03/16		082 413 9242
Christo	De Leca	03/17	082 793 2428	082 793 2428
Johan	Jordaan	03/17		082 373 3395
Tielman	Nieuwoudt	03/17	084 207 0263	083 845 6789

Ringsitting 8 Maart 2018 hier in ons gemeente gehou